

François Pauw

# IN MEMORIAM: FRANÇOIS RETIEF PAUW
## (27.09.1950–11.08.2014)

François Pauw is op 27 September 1950 in Fort Beaufort gebore en het opgegroei in Kakamas, die Strand en Worcester. Hy matrikuleer (as 7de in Kaapland) aan die Hoër Jongenskool in Worcester in 1968 waar hy ook hoofseun was en vir die eerste rugbyspan en eerste tennisspan gespeel het. Daarna het hy aan die Universiteit van Stellenbosch gaan studeer waar hy in Wilgenhof gebly het. In 1971 behaal hy die graad BA (Admissie), in 1974 'n HonsBA in Klassieke tale (met onderskeiding) en in 1980 'n MA in Grieks (eweneens met onderskeiding). Sy tesis (onder leiding van prof P J Conradie) het gehandel oor 'Oorlogsproblematiek in die *Troades* van Euripides'. Vir sy magisterstudie het hy 'n beurs van die Deutsche Akademische Austauschdienst (DAAD) ontvang en gedurende 1979 en 1980 in Tübingen navorsing gedoen. Sedert 1981 tot sy dood het hy as lektor agtereenvolgens in die Departemente Grieks, Klassieke en Antieke Studie aan die Universiteit van Stellenbosch gedoseer.

François het oor die jare heen 'n wye verskeidenheid vakke aangebied, van kursusse oor sy spesialisgebiede, klassieke Grieks, Griekse tragedie en komedie, tot kursusse oor die Atheense demokrasie, die alledaagse lewe in die Antieke en selfs Latyn op gevorderde vlak. Elkeen van hierdie modules is met die grootste noukeurigheid en toewyding tot in die fynste besonderhede beplan en aangebied, met gedetailleerde aantekeninge en vertalings in Afrikaans en Engels. In almal het sy onwrikbare passie tot uiting gekom om standaarde van studente te eis wat by sy eie hoë standaarde sou kon kers vashou.

In die departementele teekamergesprekke was sy bydrae altyd 'n juweel, altyd weloorwoë, logies beredeneerde en keurig geformuleerde uitsprake; sy wye algemene kennis en wye belesenheid het altyd beïndruk. Een van die groot komplimente wat hy soms uitgedeel het, was om van iemand te sê 'hy of sy is 'n regte nuuskierige agie', 'n verwysing na die soort weetgierigheid wat hy in ander bewonder het, maar wat homself ook by uitstek gekenmerk het, een van die uitvloeisels van begaafdheid wat ons almal bewonder het.

Die woorde wat kollegas en studente mees geredelik met François assosieer, is hoflikheid, nederigheid, eerlikheid, opregtheid. En hierin was hy vir ons almal altyd 'n voorbeeld, iemand wat die gebed om gemoedskalmte dikwels aangehaal en altyd uitgeleef het,'n Israeliet sonder bedrog, 'n werklik goeie mens.

Hy laat 'n groot leemte in die Departement Antieke Studie by Stellenbosch.

Johan Thom en Annemaré Kotzé

 http://dx.doi.org/10.7445/59-0-940